



# Vyf dirigente sê mekaar stryd aan

## Elretha Britz

Taai mededinging kan verwag word tussen die vyf semifinaliste wat mekaar in die vierde Len van Zyl-dirigeercompetisie die stryd gaan aansê.

Al vyf lei reeds 'n geruime tyd permanente orkeste en kore, en tree dus gereeld openbaar op.

Op 8 Februarie sal drie finaliste aangewys word wat op 10 Februarie in 'n uitvoering van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes (KFO) die stokkie sal swaai om die wenner te bepaal.

Die wenprys is 'n internskap by die bekende simfonieorkeste in Philadelphia in die VSA en 'n semesterkursus by maestro Victor Yampolsky aan die Northwestern-Universiteit in Chicago.

Die semifinaliste, wat landwyd uit 15 kandidate gekies is, is:

■ **Liam Burden**, wat sedert 2012 die hoofdirigent van Hugo Lambrechts se simfonieorkeste is wat in 2016 'n goue medalje op die Internasionale Adventfees in Bratislava, Slowakye, ontvang het.

Hy is 'n saxofoonspeler, hoof van die houtblaas-afdeling van die Hugo Lambrechts-musiekskool en 'n MMus-student in dirigierkuns aan die Universiteit Stellenbosch (US).

■ **Reghardt Kühn**, wat sedert 2016 die assistentdirigent van die US se simfoniese blaas-ensemble en sedert 2014 die dirigent van die US se unieke mediese orkeste is. Hy is tans 'n koperblaasonderwyser en dirigent van die Hoër Jongenskool Paarl se orkeste.

■ **André Oosthuizen**, wat aan die Noordwes-Universiteit (NWU) studeer waar hy die permanente dirigent van die NWU-simfonieorkeste en die simfoniese blaas-ensemble is. Hy is ook die assistentdirigent van die Noordwes-jeugorkeste.

Hy spesialiseer in sang en die fluit.

■ **Schalk van der Merwe** het 'n BMus-graad met dirigierkuns as hoofvak aan die Universiteit van Pretoria (UP) verwerf en is tans vir 'n MMus ingeskryf.

Hy is tans hoofdirigent van die

Sempre-operageselskap, die genooide dirigent van die Armonia-teaterkoor en 'n dirigent van die Pretoria Simfonieorkeste.

Hy het ook al die Johannesburgse Filharmoniese Orkeste, asook die Gautengse en die Kaapstadse Filharmoniese Orkeste en die Suid-Afrikaanse Nasionale Jeugorkeste (Sanyo) gedirigeer.

■ **Jesse Williams**, 'n musiekonderwyser aan die Junior Seunskool Wynberg en hoofbastromboonspeler in die Kaapstadse Filharmoniese Jeugorkeste, het aan die Universiteit van Kaapstad se musiekkollege studeer. Hy doen dirigier-ondervinding op voor die Kaapstadse Filharmoniese Junior-blaas-ensemble en Sanyo se stryksensemble.

Om die wenner te bepaal, sal die finaliste die taak hê om 'n orkeswerk en 'n concerto te dirigier.

Die orkeswerke is Liszt se *Les préludes*, Dvorák se *Othello-ouverture* en *Le roi Lear* (Koning Lear)-ouverture van Berlioz.

Drie van Suid-Afrika se uit-

staande jong pianiste is die soliste in die concerto's. Louis Nel (17) sal die eerste beweging van Prokofiev se Klavierconcerto nr. 3 speel, Qden Blaauw (14) speel Gershwin se *Rhapsody in Blue* en Gerard Joubert (16) die eerste beweging van Schumann se Klavierconcerto.

Vorige wenner van die Len van Zyl-competisie is Brandon Phillips (2010), inwonende dirigent van die KFO, Xavier Cloete (2013), voorheen dirigent van die OSM Camerata in Bloemfontein en 'n gewilde genooide dirigent, en Chad Hendricks (2016), leier van die Kaapstad-koor.

Die beoordelaars is die dirigente Bernhard Gueller, Richard Cock, Brandon Phillips en Victor Yampolsky.

Louis Heyneman, uitvoerende hoof van die KFO, sal hom vir die eindronde by die paneel aansluit.

■ **Eindkonsert met Kaapstadse Filharmoniese Orkeste: 10 Februarie 20:00 in die Kaapstadse stadsaal. Bespreek by Computicket.**



Schalk van der Merwe



Reghardt Kühn



André Oosthuizen



Jesse Williams



Liam Burden